# Verhouding kerk en staat
# in Suid-Afrika se koloniale geskiedenis

Dr. P.G. Boon

1 Die Vrede van Augsburg (1555)
2 Die Vrede van Wesfalia (1648)
3 NGB artikel 36 (1561)
4 Invloed op Suid-Afrika

## 1 Vrede van Augsburg (1555)




Tydens die Ryksdag van Worms in 1521 het die Keiser Karel V Lutheranisme verban. Hy wou die Rooms-Katolisme in Duitsland herstel. Tog kon hy nie die hervormingsbeweging hiermee stuit nie. Baie Duitse stede en prinse het hierteen geprotesteer (oorsprong van die benaming Protestante).

In 1530 het op die Ryksdag van Augsburg die Lutherane hulle geloofsbelydenis gepresenteer (→ Augsburgse Konfessie), om te bewys dat hulle standpunte Bybels is. Tog het Keiser Karel V geëis dat alle Lutherane weer verenig met die Rome. Hy het hiervoor 'n ultimatum gestel: dit moes gebeur voor 15 April 1531. Die Prostetante het egter geweier, en die sogenaamde Smalkandiese Liga gevorm. Daar het godsdiensoorloë gevolg, waardeur Karel V geforseer is om met die Protestante te begin onderhandel.

Met die vrede van Passau in 1552 is die bestaan van die Protestantse kerk erken en is 'n ryksdag in die vooruitsig gestel om die kontroversies by te lê.



Keiser Karel V

In 1555 is die Ryksdag in Augsburg gehou, waartydens die wettige bestaan van die Lutherane erken is. Ander Protestantse groepe soos die Calviniste of die Wederdopers is egter nie erken nie. Daar is besluit dat elke Duitse gebied die geloof van sy prins moet aanhang (cuius regio, eius religio = wie se gebied, sy godsdiens). Binne 'n gebied was daar dus nie toleransie van 'n ander geloof nie.

Die vrede van Augsburg het mense wel toegelaat om te verhuis na 'n gebied waar hulle geloof wel beoefen is. Daar is ook besluit vir `n periode van grasie: *in geval onderdane wat aan die ou religie behoort of aan die Augsburgse Konfessie, sou besluit om hulle huise te verlaat met hulle vrou en kinders, om op 'n ander plek te gaan woon, hulle nie benadeel sal word in die verkoop van hulle bates nie, ook nie deur belastings nie en dat hulle reputasie nie aangetas sal word nie.*

Die vrede van Augsburg was dus ‘n eerste tree op die pad van toleransie. Maar dit sou nog tot 1648 duur, met die Vrede van Wesfalia, dat ander rigtings soos die Calviniste ook sou deel in hierdie toleransie.

Die Vrede van Augsburg het drie hoofbeginsels vasgestel:

- **Cuius regio, eius religio**: Die prins bepaald die godsdiens van sy gebied. Daar is baie lank onderhandel voordat hierdie vir die 16de eeu totaal nuwe konsep vasgestel is.
- **Reservatum ecclesiasticum** (kerklike voorwaarde): Mog dit gebeur dat hulle wat in diens van die kerk is (bv. die priesters) hulle godsdiens verander, was die volk / inwoners van daardie gebied nie verplig om dit ook te doen nie. Van die geestelikes is verwag om te bedank uit hulle posisies.
- **Declaration Ferdinandei** (Deklarasie van Ferdinand): Die ridders en bepaalde stede is vrygestel van die eise van die ooreenkoms, wat tot gevolg gehad het dat daar ‘n paar gemengde stede gebly het, waar Rooms-Katolieke en Lutherane saam gewoon het. Ferdinand I wat opvolger was keiser Karel V, en het hierdie uitsondering op die laaste nippertjie self in die geheim ingevoeg. Dit het eers amper twee dekades later publiek geword.



Keiser Ferdinand I

# 2 Vrede van Wesfalia in 1648




Die Vrede van Wesfalia was 'n serie van vredesverdrae wat in 1648 in Münster en Osnabrück onderteken is. Wesfalia is die noordwestelike deel van Duitsland, wat o.a. aan die Nederlande grens.

Hierdie vredesverdrae het die 30-jarige oorlog in Duitsland (1618-1648) tot 'n einde gebring. Aanleiding vir die ontstaan van die 30-jarige oorlog was toe in 1618 die Oostenrykse Habsburgse monargie geprobeer het om die Rooms-Katolieke godsdiens weer aan hulle Protestantse onderdane in Boheme op te dring.

Die Vrede van Wesfalia het ook die 80-jarige oorlog (1568-1648) in die Nederlande beëindig. Dit was ook 'n godsdiensoorlog. Protestante het hulle reg op die uitoefening van hulle geloof betwis teen die Roomse mag uit die suide.

Met die vrede van Münster het Spanje (sterk Roomsgesind) die onafhanklikheid van die Nederlandse Republiek erken.




*Ratifikasie van die Vrede van Münster (geskilder deur erard ter Borch, Münster, 1648)*

Die Vrede van Wesfalia het o.a. die volgende ingehou:

- *Alle* partye die Vrede van Augsburg 1555 erken (dus ook bv. die Roomse Spanje), waarvolgens elke prins die reg het om die godsdiens van sy staat te bepaal (cuius regio, eius religio).
- Die opsies is egter nou uitgebrei. Behalwe Rooms-Katoliek en Luthers is die Calviniste nou ook toegelaat.
- Christene wat in 'n staat gewoon het waar hulle godsdiens nie die publieke godsdiens was nie, is verder toegelaat om hulle geloof in die publiek uit te leef tydens voorafbepaalde en beperkte periodes. Privaat was daar egter volledige gewetensvryheid.

Die vrede van Wesfalia was 'n verbetering op Augsburg.

## 3 Nederlandse Geloofsbelydenis (1561): art. 36: Oor die amp van die owerheid


CONFESSION
DE FOY,
*Faicte d'vn commun accord par les fideles qui conuersent és pays bas, lesquels desirent viure selon la pureté de l'Euangile de nostre Seigneur Iesus Christ.*
I. PIER. III.
Soyez tousiours appareillez à respondre à chacun qui vous demande raison de l'esperance qui est en vous.
M. D. LXI.

Vir eeue was daar onduidelikheid oor wat Guido de Brès in art. 36 presies bedoel het. Dit het selfs daartoe gelei dat in 1905 'n gedeelte uit hierdie artikel verwyder is deur die Gereformeerde Kerke in Nederland. Dit gaan oor die volgende sinsnede (die rooi

gedeelte): Die owerhede se "amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die antichris te gronde te rig".

Die Gereformeerde sinode van 1905 het hierdie woorde as oudtyds beskou: is dit die owerheid se taak om afgodery en valse godsdiens uit te roei? Nadere studie het egter uitgewys dat Guido de Brès se woorde glad nie so oudtyds was nie. Net vir die duidelikheid: Guido de Brès het die NGB geskryf in 'n situasie toe die Protestante hewig deur die Roomse owerhede vervolg is. Hy het self aan die galg gesterf vir sy geloof.

Hy het beslis nie gepleit vir so 'n owerheidsbeleid in art. 36 nie, ook nie as Protestant-gesindes aan die mag sou kom nie.

Die nuutste Afrikaanse vertaling van die NGB het hierdie gedeelte baie sorgvuldiger vertaal, juis om hierdie misverstand te voorkom, 'n misverstand wat selfs daartoe gelei het dat hierdie frase geskrap is in 1905.

Nuwe vertaling van NGB art. 36: ""En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Christus te bevorder."



*Afbeelding van hoe Guido de Brès as martelaar gesterf het.*

Die amp van die staat en die kerklike ampte het hulle gesag onafhanklik van God ontvang, en is verantwoordelik om dit uit te voer elkeen op sy eie terrein, beide met die Woord van God as rigsnoer. Die taak van die owerhede is om omstandighede in die samelewing te waarborg waarbinne die Woordbediening ongesteurd kan voortgaan.

En dit is deur die Woordbediening dat:

- afgodery uitgeroei word
- valse godsdiens teengegaan word
- die ryk van die antichris vernietig word.

Ons moet hierdie opmerkings sien in hulle historiese konteks. Die Reformatore het deurgaans na Rome verwys as die ryk van die antichris. Wanneer die owerhede ruimte sou skep dat die Woord in die samelewing verkondig mag word (in die volkstaal soos die Reformasie gedoen het), sal dit outomaties daartoe lei dat Rome se invloed teruggedring word, en dat sodoende hierdie ryk van die antichris vernietig word.



*Pous Pius IV, aan bewind in 1561*

Dit is nie die owerheid se taak om te bepaal watter kerk die ware kerk is, en dan slegs daardie kerk te bevoordeel nie. Die owerhede moet gunstige omstandighede waarborg sodat die Woordbediening in hulle land voortgang mag vind.



*Skuilkerk in Amsterdam*

Die impak van wat in NGB art. 36 staan, het die Gereformeerdes in die Nederlande eintlik nie besef nie. Ek weet nie of hierdie vorm van godsdiensvryheid voor 1800 êrens ooit regtig in die praktyk gebring is nie. In die Nederlande het die *cuius regio, eius religio*-beginsel van Augsburg (en bekragtig en verfyn deur Westfalia) gegeld.

Daar was gewetensvryheid en beperkte godsdiensvryheid. Ander gelowe is toegestaan om 'skuilkerke' te bou. Dit was kerke wat van die buitekant nie soos kerke mog lyk nie. Ook mog die hoofingang nie aan die straatkant wees nie.

Denominasies wat skuilkerke moes bou in Nederland was:

- Roomses
- Baptiste
- Lutherane
- Herrnhutters / Morawiërs
- Ens.

In die loop van die 18e eeu het hierdie beleid egter al hoe soepeler geraak in Nederland.

# 4 Invloed op Suid-Afrika



Die verversingspos aan die Kaap is vier jaar na die Vrede van Wesfalia gestig, in 1652. Die VOC het die *cuius regio, eius religio*-beginsel uit die Vrede van Augsburg 1555 streng toegepas in die voordeel van die staatsgodsdiens van Nederland. Die nuanserings wat Wesfalia aan hierdie beginsel

toegevoeg het, het nie altyd die Kaap bereik nie, of eers op ‘n veel later stadium.

Die Kaap het onder Hollandse bewind weinig godsdiensvryheid geken. In Duitsland het *cuius regio, eius religio* ingehou dat iemand wat God volgens sy oortuiging wou dien, moes verhuis na ‘n ander staat (hetsy Luthers, Gereformeerd of Rooms). Aan die Kaap was daar net die opsie om die kolonie te verlaat.

Die Lutherane aan die Kaap (daar was heelwat) is nie toegestaan om ‘n eie kerk te bou nie. Hulle, die “broeders van die Augsburgse Konfessie” soos hulle genoem is, is verplig om die sakrament van die nagmaal saam te vier in die kerk te Kaapstad, op die Gereformeerde wyse.

Eers later, in die loop van die 18de eeu, is hulle oogluikend toegelaat om eie byeenkomste te organiseer in ‘n ‘skuilkerk’ (‘n pakhuis in Strandstraat in Kaapstad, wat deur die welvarende handelaar Martin Melck daarvoor beskikbaar gestel is). Die pakhuis is in 1771 gebou.




*Lutherse kerk in Kaapstad (voormalige pakhuis in Strandstraat)*

Baie beslissinge van die VOC met betrekking tot die Kaap kan verklaar word uit politieke en kommersiële belange. Die VOC se groot mededingers / teenstanders op die oseane was Engeland, Frankryk, Spanje en Portugal. Om ‘n voorbeeld te noem, die Hugenote is

eie taal is so vinnig moontlik uitgefaseer, om te voorkom dat Frankryk ‘n magsbasis sou kry aan die Kaap. Ander kerke, soos die Anglikane, is nie toegelaat nie. Die beginsel *cuius regio, eius religio* is streng toegepas vanuit kommersië en politieke belange.

Aan die Kaap is die beginsel *cuius regio, eius religio* ook gebruik (misbruik) om sendingsaktiwiteite te keer. Dit het ‘n effektiewe wapen geword om sending teen te hou. Het die Gereformeerde Kerk dan self geen sending gedoen in Suid-Afrika tydens die bewind van die VOC nie? Nee. Daar was Gereformeerde sending in Oos-Indië, Batavia byvoorbeeld, veral in die 17de eeu, maar daar was nie sending aan die Kaap nie.

As ‘n voorbeeld kan genoem word die eerste Morawiese sendeling wat na SA gestuur is, Georg Schmidt. Ludwig von Zinzendorf, leier van die Morawiese sendingsbeweging, het in Nederland met die Here XVII van die VOC gaan onderhandel. Hy het toe toestemming gekry om ‘n sendeling op een van die VOC skepe na SA te stuur.



*Graaf Ludwig von Zinzendorf*

Die Morawiërs stam af van Johannes Hus en het ‘n lang geskiedenis gehad van kerklike bestaan onder ‘n regering wat hulle verdruk of vervolg het in Boheme en Morawië (Tsechië). Vanaf die 1720’s is ‘n aantal Morawiese vlugtelinge gevestig op die landgoed van Graaf Ludwig van Zinzendorf in Oos-Duitsland.

Van daaruit het hulle ‘n sterk tradisie opgebou van uitreik:

- eerstens na die ware (Protestantse) gelowiges in die Roomse gebiede (soos Boheme en Oostenryk)
- tweedens sendingswerk in die Europese kolonies reg oor die wêreld.


Leerstellig was die Morawiërs geposisioneer tussen die Gereformeerdes en die Lutherane. In die 1740’s het hulle as kerk amptelike erkenning gekry in verskeie Duitse state asook in Groot-Brittanje en sy kolonies.

Toe hulle eerste sendeling, Georg Schmidt, aankom het in die Kaap in 1737, het hy vertrek na die Overberg, 200km oos van Kaapstad, ‘n gebied waar nog geen kerk was nie, en ook nog nie eintlik veel koloniste gewoon het nie, behalwe vir die veeposte van die VOC.

Toe dit na ‘n paar jaar duidelik word dat hy sy bekeerlinge (Khoikhoi mense) ook doop, het die Gereformeerde predikante in Kaapstad en Stellenbosch druk op die VOC-bewind uitgeoefen dat hy teruggestuur moet word na Europa.

Hy mog slegs ‘evangeliseer’ as hy die Gereformeerde Kategismus gebruik het (nie die Lutherse of Augsburgse Konfessie wat die Herrnhutters gebruik het nie). Hy moes preke lees van geordende Gereformeerde predikante en slegs formuliergebede gebruik. Sy bekeerlinge moes hy na die kerk in Stellenbosch bring om daar ondervra te word, en gedoop te word.

Schmidt het egter geweier om ‘onder die Gereformeerde pous’ te werk, en het toe weer in 1744 teruggekeer na Duitsland.



*Georg Schmidt, die eerste sendeling in Suid-Afrika*

Zinzendorf en die sendingsraad van die Herrnhutters in Duitsland het hom nie teruggeroep nie. Hulle het nie beswaar daarteen gehad dat hy uitsluitlik die Gereformeerde Kategismus mog gebruik nie. Georg Schmidt het egter nie kans gesien om voort te gaan nie, as gevolg van die vyandige houding teenoor hom. Hy was baie

krities oor die oppervlakkige naamchristendom aan die Kaap: *die sogenaamde Christene in hierdie land het die Khoikhoi op 'n dwaalspoor gelei deur hulle slegte voorbeeld en deur hulle haatspraak teen my.*

Die Kaap onder VOC-bewind het bekend gestaan as 'n baie immorele plek. Drank was 'n groot probleem. Die Morawiese sendeling Hans Peter Hallbeck skryf byvoorbeeld dat met betrekking tot die sesde gebod (dit is *Jy mag nie egbreek nie* in die Lutherse tradisie) geeneen van die groter stede in Europa hierdie kolonie oortref in immoraliteit nie.

Daar het 'n naamchristendom geheers en die Gereformeerde Kerk was 'n volkskerk en nie 'n belydende kerk nie.



*Morawiese sendeling Hans Peter Hallbeck*

Ons ken tot op vandag die uitdrukking 'die Kaap is weer Hollands'. Die uitdrukking word meestal gebruik met 'n positiewe assosiasie. Maar wat oorspronklik daarmee bedoel is, was eintlik nie so positief nie. Want tydens die VOC-bewind kon die koloniste dikwels doen wat goed was in hulle oë, veral die wat op afstand van die gesag (die kasteel in Kaapstad) gewoon het. Soos Hallbeck skryf: een van die hoofprobleme van die VOC-bewind was dat die gesag in Kaapstad onvoldoende was om behoorlike kontrole oor die kolonie uit te voer. Hallbeck gebruik die vergelyking van 'n ossewa met sy osse. Die osse wat heeltemal voor loop is te ver, die sweep van die drywer kan hulle nie bykom nie.

Die uitdrukking "die Kaap is weer Hollands" wou dus daarop dui dat die Britse bewind wat hulle te veel bemoei het met die burgers. Daar is byvoorbeeld meer landdroste

aangestel in die plattelandse distrikte. Maar in feite was die Kaap nie meer 'Hollands' soos onder die VOC-bewind nie, want die Bataafse bewind het wel, in opvolging van die Britse bewind, baie meer die rol vervul van 'n egte owerheid.

Ons kom terug by die toepassing van *cuius regio, eius religio* aan die Kaap. Die rigiede toepassing hiervan tydens ten minste die eerste 100 jaar van VOC-bewind, het minder geword rigting die einde van die 18e eeu, onder invloed van ontwikkelinge in Europa. Dit is daarom dat in 1791, nadat die Morawiese sending weer by die VOC aansoek gedoen is, toegelaat is om na die Kaap terug te keer (dus na ongeveer 50 jaar). Hulle is toegelaat om voort te gaan met die sendingswerk op die plek waar Georg Schmidt begin het – in die Overberg.

Tog is hulle nog steeds nie toegelaat om 'n kerkgebou te bou nie, en ook nie om 'n klok te lui nie – dit in lyn met die 'skuilkerke'-beleid. Die Gereformeerde predikant van Stellenbosch, ds. Borcherds, het hom nog persoonlik daarvoor beywer dat die klok op Genadendal nie gelui mog word nie. Dus eers veel later is aan die Kaap toegestaan wat in Nederland al gedurende die 17e eeu (goue eeu) gebruiklik was, naamlik die sisteem van skuilkerke. Die Morawiese sendelinge het hulle kerkdienste in die huis gehou waarin die sendelinge gewoon het. Eers met die begin van die Britse bewind in 1795 is hulle toegelaat om 'n kerkgebou op te rig. Daardie kerkgebou is in 1800 voltooi.




*Kerkgebou en skool te Genadendal – eerste sendingstasie in Suid-Afrika*

Vanaf die tyd van die Franse Rewolusie het daar godsdiensvryheid aan die Kaap gekom. Vanaf die begin van die Britse bewing (1795) het baie kerkgenootskappe en sendingsgenootskappe in Suid-Afrika ingestroom, wat voorheen deur die VOC geweer is.

Die Gereformeerde kerk aan die Kaap was ‘n volkskerk, nie ’n belydende kerk nie. Dit was met sterk bande aan die staat gekoppel. Die staat was haar ‘voedster’, die staat het haar ook dikwels gemuilband.

Die VOC-bewind het predikante aangestel en hulle traktement betaal. ‘n Selfregerende kerkraad het nie bestaan nie. Die ouderlinge en diakens is, nadat hulle deur die gemeente verkies is, eers voorgedra aan die VOC vir goedkeuring. Ook alle kerkraadsbesluite moes deur die VOC bekragtig word. Vir hierdie doel het ‘n regeringsverteenwoordiger die kerkraadsvergaderings bygewoon. Die kerk is eintlik as ‘n regeringsdepartement bedryf.

Die invloei van verskillende sendingsgenootskappe vanaf die begin van die 19de eeu het ‘n positiewe invloed gehad op die geestelike kondisie van die inwoners, nie net die Khoikhoi en swartmense nie, maar ook van die koloniste.

Dit het byvoorbeeld gelei tot ‘n ‘ontwaking’ (Erweckung / Awakening) in die Kaapkolonie in die 1830’s. Met name die Morawiese sending in die Kaap (sendingstasies soos Genadendal en Elim) was instrumenteel tot hierdie ontwaking onder die Nederlands-Afrikaanssprekende boere.

Hierdie ontwaking moet gesien word teen die agtergrond van wydverbreide geestelike oppervlakkigheid onder die Europese koloniste in die Kaap. Een van die redes, soos genoem deur die Morawiese sendeling Hallbeck, was dat die Koloniste uitgesprei het oor `n geweldige groot gebied, van Kaapstad in die Weste tot verby Uitenhage in die Ooste. In hierdie gebied, omtrent duisend kilometer van wes na oos, was daar, skryf Hallbeck, slegs 8 kerkgeboue in 1817 toe hy in die land aangekom het. Dit was onder andere te wyte aan die feit dat die VOC baie min gedoen het om na die geestelike behoeftes van die kolonistebevolking om te sien. Die VOC was nie `n regering in die normale sin van die woord nie, maar `n kommersiële bedryf.

In daardie dae was dit nog die algemene persepsie dat dit `n taak vir die owerheid was om kerkgeboue op te rig vir sy bevolking. Dis soos dit in Europa gebeur het. Maar in die Kaap het dit dus nie gebeur nie, of in elk geval veels te min. Die gevolg was dat baie koloniste, wat ver weg van Kaapstad geïsoleerd op hulle plaas `in die middle of nowhere` in Afrika gewoon het, nooit `n kerk van die binnekant gesien het nie. Vir hulle om `n kerkdiens by te woon het dikwels `n reis van meerdere dae ingehou. Dit het tot gevolg gehad dat hierdie koloniste, oorspronklik van Nederlandse, Franse en Duiste afkoms, nie net hulle godsdiens nie, maar ook hulle beskawing begin verloor het.

Die sendingsgenootskappe het kerkgeboue opgerig wat bereikbaar was vir die boere, en hulle het die eredienste begin bywoon. Dit het gelei tot n geestelike ontwaking in die

1830's, onder invloed van met name die Morawiese sending in die Kaap. Hierdie sendelinge het veral gefokus op die bekering van die Khoikhoi, maar hulle werk het ook onder die Afrikaners `n positiewe invloed gehad. Waar daar in 1817 net 8 kerkgeboue in die Kaapkolonie was, het hierdie aantal gegroei na 75 in 1840.

## Konklusie

Die ideale situasie waar art. 36 van die NGB verwys is nie 'n kerk wat die staat oorheers nie (soos dit was in die Roomse lande), maar ook nie 'n staat wat die kerk oorheers het nie (soos dit dikwels in Nederland die geval was en veral aan die Kaap). Die ideale situasie is dat sowel kerk en owerheid direk onderworpe is aan God, en direk van God hulle gesag ontvang, elkeen op eie terrein. Kerk en staat moet elkeen op eie terrein sy spesifieke taak uitoefen soos dit in God se Woord geopenbaar is.

Alhoewel die NGB die amptelik aanvaarde belydenisgeskrif was van die Gereformeerde Nederlandse Staatskerk, het art. 36 nooit 'n werklikheid geword in die 17e en 18e eeu in Nederland nie, en nog minder aan die Kaap.

Die owerheid was tegelyk vir die Gereformeerde staatskerk 'n voedster en muilband.

NGB art. 36 het nie tot sy reg gekom nie.